# 'n Musikus Gehuldig

## *Lewe en Werk van Prof. P. K. de Villiers*

### deur L. A. SCHOONEES

DAAR is seker baie musiekliefhebbers wat prof. P. K. de Villiers nommer een onder die orreliste in Suid-Afrika sal plaas. Honderde musiekstudente, onderwysers(esse) en duisende skoliere en oudskoliere het nog die aangenaamste herinnerings van hierdie deeglike, geniale meester in sy vak. Tal van gemeentes in ons land het die genoeë gehad om na sy gewyde orrelspel, sy begeleiding van psalms en gesange, sy voordrag van eie komposisies, koorsange e.d.m. te luister. En wie sal weet hoeveel jongmense deur sy orrelspel, met die meesterlike keuse van registers, aangemoedig is om hulle aan hierdie kuns te wy?

De Villiers is 'n veelsydige komponis, maar die meeste (en die beste?) van sy komposisies het met die kerk te doen. Vir die klavier is daar *Melody* (Laudy, Londen); *Romance* (Darter, Kaapstad); *Valse Caprice* (Darter, Kaapstad); *Toccata* (Laudy, Londen); *Fugato* (Joseph Williams, Londen); *Memories* (Augener, Londen) en verskeie ander nog ongedrukte werke. Vir die orrel het hy die volgende werke gepubliseer: *Cantilene Aurielia* (Paxton, Londen); *Introduksie, Koraal met Bewerkings* (Augener, Londen); *In Memoriam; Postludium op wysie van ges. 96.* Solosang- en koorstukke sluit in *Across the Sea* (Weekes, Londen); *Vaderlandsliefde* (Darter, Kaapstad); *Twintig Skoolliedjies, Boek I en II* (Pro Ecclesia, Stellenbosch); *Zalig zijn de Dooden* (Williams, Londen); en verskeie ongedrukte Afrikaanse sangstukke. Die interkerklike kommissie wat belas is met die uitgee van die bundel psalms en gesange in Afrikaans en met die vervang van die s.g. onsingbare wysies, het 'n veertigtal van prof. De Villiers se komposisies aanvaar.

Die jong Pieter het sy skoolopleiding aan die Gimnasium, Paarl, ontvang. Intussen het sy vader, wyle Rocco de Villiers, orrelis van die gemeente Suider-Paarl, hom in die musiek onderrig. Selfs as jong seun het Pieter dikwels sy vader se plek voor die orrel ingeneem, en van sy vader het hy sy liefde vir die koning van musiekinstrumente ontvang.

Alles was gereël vir sy verdere studie in Dresden toe berig ontvang is dat die cholera in daardie Duitse stad uitgebreek het. As jong man van 19 jaar het Pieter toe orrelis op Richmond geword, maar sy ambisie het hom gedryf om hom beter te bekwaam vir sy lewenstaak. Dit het gebeur aan die Royal Academy of Music, Londen, waar hy vier-en-'n-half jaar gestudeer het. Baie van sy komposisies is by geleentheid van Akademie-konserte uitgevoer. Hier het hy die A.R.A.M. verwerf, die eerste Afrikaner om dit te kry.

Na sy terugkeer na Suid-Afrika het hy hom op Stellenbosch gevestig en daar in samewerking met wyle prof. Jannasch die aanvoorwerk vir 'n Suid-Afrikaanse Musiek-Konservatorium gedoen.

Op uitnodiging van die kerkraad en die publiek van Worcester het hy hierheen verhuis en sewe jaar lank kostelike werk as orrelis en musiekonderwyser verrig. Gou-gou het hy 'n Musiek-Akademie gestig met mnr. T. Baker (viool) en mej. Gladys van Niekerk (wyle mev. B. P. Eybers) vir sang as assistente. Van baie ander dorpe het leerlinge gekom om in die musiek opgelei te word. 'n Sangvereniging, 'n strykorkes en 'n blaasorkes is gestig, en almal het onder die entoesiastiese en bekwame leiding van die professor gefloreer. Laasgenoemde liggaam het nie alleen plaaslik nie, maar ook op omliggende dorpe by tentoonstellings en ander funksies opgetree.

Bloemfontein het beter vooruitsigte aangebied vir so 'n begaafde man. Hier het hy orrelis in die moedergemeente geword en professor van musiek by die Normaal-, die Politegniese, en die Grey-Universiteitskollege, toesig gehou oor die musiek by die Oranje-meisieskool en onderwyser van harmonie by die Eunice-meisieskool geword.

Ook op Bloemfontein het De Villiers gedurende sy twaalfjarige verblyf baie musiektalent onder die jong Afrikaners ontdek en hulle gevorm. Om maar enkele te noem: mnr. Hutton (Johannesburg), Mossop, Lemmer (Bloemfontein), Van der Bent (Potchefstroom), Karstel (Bloemfontein), S. Marais, dr. Swanepoel, die dames: Cecilia Wessels, Irene van Dyk, Joan Beck, Emile Gerdener en baie ander.


Toe dr. W. J. Viljoen Superintendent-Generaal van Onderwys in Kaapland geword het, het hy prof. De Villiers beweeg om musiek as vak by die Junior Sertifikaat- en Senior Sertifikaateksamen in te voer. Dit het geskied, en prof. De Villiers beskou homself as die vader van hierdie nuttige uitbreiding van die leerplan. Dr. Viljoen het hom ook as Inspekteur van musiek vir Kaapland se skole aangestel, met 'n omgang strekkende van die Westelike Provinsie tot in Mafeking in die noorde. Dit het hom verdere geleenthede verskaf om die liefde vir die musiek by seuns en dogters aan te wakker.

Van Solfa-notasie het hy nie veel gehou nie, alhoewel hy die nuttigheid daarvan erken het. Menige leser sal hom wel herinner hoe die inspekteur die vyf vingers van sy hand gebruik het om die vyf strepe of balke van gewone musiek voor te stel: die pinkie is dan die noot e, die ringvinger g, die middelvinger b, voorvinger d en die duim f; die ruimtes tussen die vingers in dieselfde orde is dan f, a, c en e. Gou-gou leer hy die kinders—liefs die hele skool in die saal—die note so, en met behulp van 'n swartbord staan die notebalke aanstons voor hulle. Al die name ken hulle nou.

„Kinders," sê die inspekteur, „nou gaan ons van my hand af sing, nie doh, ray, me nie, maar die note soos ek julle geleer het. Onthou julle nog die noot net onderkant die pinkie? D, nè. Ja, dis reg."

D word op die klavier aangeslaan en almal sing die noot; dan wys die professor die g op die ringvinger en die meeste kinders sing die regte noot. Dan volg die spasie tussen ring- en middelvinger (a) maklik; ook die b op die middelvinger en dan 'n sprong na die

(Vervolg op bladsy 33.)



*Prof. P. K. de Villiers.*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

## 'N MUSIEKUS GEHULDIG

(*Vervolg van bladsy* 25.)

ruimte tussen voorvinger en duim (e). Hoekom gaan dit dan so maklik? Onwetend het die kinders „Prys die Heer" op 'n nuwe manier gesing!

„Nou, kinders, aangesien julle die note so gou leer sing het, sal ek eers vir julle 'n stuk speel. Dis 'n sonate van Beethoven Die kenmerke van 'n sonate is...."

Hier is die professor op sy stukke; kinders en personeel geniet ten volle. Heelwaarskynlik word die praatjie met 'n heerlike grap afgesluit. „Moenie vergeet, kinders, om jul ouers aan môreaand se orreluitvoering te herinner nie, hoor. Daar sal die gemeente een van die nuwe psalmwysies leer sing, en julle moet kom help sing. Sal julle kom?"

Uit honderd kele: „Ja!!"

Die professor praat hul taal en hy laat die kinders op hul gemak voel. Hy is geen inspekteur vir wie die jeug bang is en beef nie. Hulle voel tot hom aangetrokke en hy is hul vriend.

So het hy met duisende kinders, blank en nie-blank, in aanraking gekom en ook met hul ouers by geleentheid van orreluitvoerings op baie dorpe.

Op versoek van baie kerkrade het hy spesifikasies van nuwe orrels opgestel en, wanneer hulle klaar gebou is, hulle in ontvangs gaan neem en ingewy, bv. Pretoria. (Hierdie orrel is ingewy op die aand van president Kruger se begrafnis.) Bredasdorp, Victoria-Wes, Ladybrand, Vrede, Philippolis, Ficksburg, Uniondale, Oos-Londen, Villiersdorp (glo die eerste), Lady Grey, Aliwal-Noord, Colesberg en talle ander.

Prof. De Villiers verklaar dat hy sy liefde vir die orrel seker van sy vader geërf het. Hy het ook 'n besondere liefde vir kerkmusiek. Die orrel, sê hy, kan in bekwame hande gebruik word om aan iedere stemming van die gemoed uitdrukking te gee; boonop kan dit byna elke musiekinstrument naboots. Die orrel kan op gepaste wyse gebruik word om 'n juigtoon aan te hef met dié wat rede het om bly te wees, om 'n klaagtoon te laat hoor wat weerklank sal vind in die harte van diegene wat bedroef is.

Pres. Steyn was lid van die Kuratorium van die Oranjemeisieskool, waar De Villiers die leiding van die musiekafdeling onder hom gehad het, en so was daar dikwels kontak tussen hulle. In verband met die onthulling van die Vrouemonument in Bloemfontein moes daar dikwels vergaderings gehou word, want die professor het die leiding van die musiekprogram op hom gehad; die musiek vir die geleentheid is spesiaal deur hom gekomponeer. Later is dieselfde musiek met die begrafnis van die president weer uitgevoer, ook by die begrafnis van genl. Christiaan de Wet en die herbegrafnis van mej. Emily Hobhouse, almal aan die voet van die Vrouemonument.

„Die kennis van goeie musiek in die skole," sê prof. P. K. de Villiers, „veral op die platteland, was baie skraal. Daarom het ek deur lesings en orreluitvoerings veel kon doen om die kennis te bevorder en om die karakterbouende onderwerp musiek meer aandag te laat geniet. Dikwels met my orreluitvoerings het ek die skoolkinders twee of drie van die nuwe wysies van ons psalms en gesange laat sing. Dikwels wanneer ek op 'n Sondag van huis is, het predikante my gevra om die Sondagskoolkinders toe te spreek en te laat sing. Ek herinner my nog goed 'n sekere Karoodorp waar ek aan die kinders gevra het watter psalm of gesang hulle wou sing, dat die antwoord eenparig was: ‚Prijs den Heer.' As hulle begin, dink ek onwillekeurig aan die Vrystaatse boer, wat vir die eerste maal psalms en gesange met lang en kort note gehoor en aan sy vriend naas hom gesê het: ‚Nee, Piet, my pa het my die psalms en gesange geleer en om die noot *vas* te hou, totdat jy lekker kry en dan te laat los.'

„Ek het die kinders meteens gestop en gevra of hulle ‚Uit diepte van ellende' sing. Na 'n verduideliking wat 'n loflied is, het hulle spoedig reggekom en die regte tempo aangeslaan. Dus het ek altyd geprobeer om Kerk en Skool deur gewyde musiek te verenig.

„In verband met die praktiese deel van die eksamens vir Junior en Senior Sertifikaat het ek baie humoristiese voorvalletjies beleef. Die kandidate moet 'n lys van stukke, wat hulle gedurende twee jaar bestudeer het, bring. Gewoonlik vind ek een of meer van my eie komposisies daaronder. Ek speel 'n gedeelte van die aangegewe stukke en vra die naam van die komponis.

„Op 'n dag het 'n kandidaat my ‚Valse Caprice' op haar lys gehad. Ek speel die middelgedeelte daarvan en vra haar toe die naam en komponis van die stuk waarin dit voorkom. Haar antwoord was: ‚Een van Beethoven se Sonates.' Ek maak toe 'n diepe buiging en dank haar vir die groot eer my aangedoen.

„Twee jaar later, na afloop van my eksamenwerk in die Kaapstadse Opleidingskollege, vra die studente my om 'n pianosolo te speel. My keuse val op dieselfde ‚Valse Caprice.' Toe ek klaar was vertel ek die studente die gebeurtenis hierbo vermeld. Tot my verbasing spring 'n jong dame op en sê: ‚Professor, dit was ek'."

Prof P. K. de Villiers het daar 'n vaste reël van gemaak om elke vyf jaar oorsee te gaan om hom op hoogte te stel van nuwe ontwikkelinge in sy beroep. Hy het aanraking gesoek met leidende geeste op sy gebied. Hy het orrel- en klavierfabrieke in Engeland en Duitsland besoek om hom te vergewis van die jongste verbeteringe en ontwikkelinge.

Hy is van mening dat net soos die N.G. Kerk in Suid-Afrika Kweekskole vir die opleiding van predikante het, daar 'n dergelike inrigting behoort te bestaan waar toekomstige orreliste in die gees van ons kerke opgelei kan word. So 'n skool sou byvoorbeeld sy eie eksamen kan afneem en diplomas aan geslaagde kandidate kan uitreik. Hy sou ten gunste daarvan wees om twee diplomas uit te reik: 'n gewone vir orreliste op klein dorpies en 'n gevorderde vir groot plekke. Soos dit nou is, is maar 'n klein persentasie van ons orreliste as kerkorreliste opgelei. Enige persoon wat 'n bietjie klavier kan speel, word gevra om die orrel te bespeel. Hy neem so 'n bietjie les of leer homself en trakteer dan die gemeente op klavierstukke op die orrel.

Die opleiding sal vanselfsprekend 'n deeglike kursus vir die klavier behels en verder 'n uitgebreide kennis van orkeswerk. Hier sal die toekomstige orrelis nader kennis maak met die kleure van die verskillende soorte instrumente wat omtrent almal in die moderne orrel ingebou is. Dit sal hom help om die regte keuse van registers te maak en nie alles met dieselfde kombinasies op te dreun nie.

As die onderwyser, die predikant, die landmeter, die prokureur, ens., na sy graad spesiale opleiding moet geniet, dan ook die orrelis.

£5, £8, £10 per maand, sê die professor, is geen behoorlike salaris vir 'n goed opgeleide persoon nie. Die salaris moet sodanig wees dat dit die talentvolste persone na die professie lok.

Tydens sy inspekteurskap het die professor sy eerste vrou, mej. Grace Holmes van Londen, verloor. Geeneen van die drie kinders uit hierdie huwelik het die vader se voetstappe gevolg en musiek as loopbaan gekies nie. Nà sy aftrede met pensioen het die professor met die weduwee, mev. E. P. Theron van Worcester, in die huwelik getree en toe vier jaar lank op Caledon orrelis gewees. Nou woon die egpaar weer op Worcester, en die professor wy hom aan sy komposisies.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012